

LYS VAN BYLAES

- Bylae A Beskikbare fonologiese bewustheidstoetsinstrumente.
(CD formaat)
- Bylae B Toestemming van die PALS-K (Invernizzi et al., 1998) outeurs
om vertaling te doen.
(Harde kopie)
- Bylae C Strategie vir die vertaling en aanpassing van elke individuele
afdeling van die toets.
(CD formaat)
- Bylae D Opsomming van voorstelle deur taalkundige.
(CD formaat)
- Bylae E Voorlopig vertaalde toetsinstrument: SFBG
(CD formaat)
- *Instruksies* vir die afneem van die toets.
 - *Leerder antwoordblad* waarop antwoorde gemerk word.
 - *Toetsboek* wat die prentmateriaal wat vir elke leerder
benodig word, bevat
 - *Koeverte* met ander prente wat tydens die afneem van die
toets benodig word, bevat.
 - *Rympieboek: My Kat* deur F.G Holloway
- Bylae F Aansoek gerig aan skoolhoof en response terugontvang.
(Harde kopie)
- Bylae G Algemene inligting vir onderwysers.
(CD formaat)
- Bylae H Prosedures vir onderwysers
(CD formaat)

- Bylae I Toestemmingsbrief gerig aan ouers.
(CD formaat)
- Bylae J Leerderinligtingsvorm
(CD formaat)
- Bylae K Vraelys
(CD formaat)
- Bylae L Uiteensetting van vrae wat by vraelys ingesluit is.
(CD formaat)
- Bylae M SFBG-koderingsvorm
(CD formaat)
- Bylae N Goedkeuring om met studie voort te gaan. (Etiese klaring)
(Harde kopie)

Bylae A: Kommersieel beskikbare fonologiese bewusstheids toetsinstrumente

Toetsinstrument en Outeurs	Beskrywing van die toets	Teiken ouderdom	Tyd om toets af te neem	Ander inligting
<p>Lindamood Auditory Conceptualization Test (LAC)</p> <p>deur</p> <p>Lindamood, C.H, en Lindamood, P.C (1979)</p> <p>Austin, TX: PRO-ED</p>	<p>Hierdie toetsinstrument word individueel afgeneem. Ouditiewe persepsie en konseptualisering van spraakklanke word bepaal (Sondora et al., 2002). Dit is 'n norm gebaseerde toets. Tydens die toets word daar van leerders verwag om klein hout blokkies te gebruik om klanke in 'n volgorde voor te stel. Die foneemreeks /d/-d/-j/ kan voorgestel word as rooi-rooi-blou. Hierna word daar van leerders verwag om nonsens woorde te analiseer (bv. geel-blou-rooi kan moontlik die onsinwoord <i>fip</i> voorstel.) Uhry (2000).</p>	<p>Enige ouderdomsgroep</p>	<p>Omtrent 10 tot 20 minute.</p>	<p>Die toets word individueel afgeneem. Kriterium gebaseerde norme word verskaf vir vlakke van voorskoolse leerders tot volwassenes (Uhry, 2000). Die toets is ontwikkel vir leerders wat reeds die konsepte verstaan: 'dieselfde' en verskillend ; links na regs progressie; die getal konsep een tot by vier. Die toetsprosedure is daarom ietwat moeilik vir voorskoolse kinders. Die toets is egter nie gestandaardiseer nie.</p>
<p>Test of Phonological Awareness (TOPA)</p> <p>deur</p> <p>Torgesen, J. K. en Bryant, B.R. (1994)</p> <p>Austin, TX: PRO-ED</p>	<p>Hierdie toets kan in klein groepe of individueel afgeneem word (Uhry, 2000). Dit is ontwikkel as 'n siftingsprosedure. Twee weergawes van hierdie toets is beskikbaar. Die voorskoolse weergawe van die toets kan gebruik word om leerders, wat by terapie om hulle fonologiese bewustheid te verhoog kan baat vind, te identifiseer. Die tweede weergawe van die toets kan benut word om te bepaal of leerders in Graad 1 en 2 se leesprobleme verband hou met agterstande in fonologiese bewustheid. Twee take soortgelyk aan die wat deur Bradley & Bryant (1983) benut is, word gebruik (Uhry, 2000). Elke weergawe van die toets bestaan uit 20 items. 10 items behandel klanke wat 'dieselfde' is en die volgende 10 items behandel klanke wat 'verskillend' is.</p>	<p>Voorskools (Kindergarten), Graad Een en Twee</p> <p>5.0-8.11 jaar</p>	<p>Omtrent 15 tot 20 minute.</p>	<p>Navorsers het bewys dat die voorskoolse siftingsprosedure tussen 30% en 40 % van leerders se woord leesvaardighede in Graad Een voorspel. Norme vir die voorskoolse weergawe van die toets is verkry deur die toets op 857 leerders in 10 Amerikaanse State uit te voer. Die tweede weergawe van die toets is op 3654 kinders in 38 verskillende Amerikaanse state uitgevoer (Torgesen & Bryant,1994).</p>

Toetsinstrument	Beskrywing van die toets	Teiken ouderdom	Tyd om toets af te neem	Ander inligting
<p>The Phonological Awareness Test</p> <p>deur</p> <p>Robertson, C. & Salter, W. (1997).</p> <p>East Moline, IL LinguiSystems</p>	<p>Dit is 'n omvattende toets wat ontwikkel is ten einde agterstande in fonologiese prosessering en foneem-grafeem-koppeling te diagnoseer. Die toets word individueel afgeneem. 'n Wye reeks fonologiese bewustheid vermoëns word m.b.v. ses subtoetse ondersoek. Die toets is saamgestel uit die volgende subtoetse: Rymsubtoets, Segmenteringssubtoets, Isoleringssubtoets, Weglatingssubtoets, Vervanging-subtoets, Klanksamevoegingssubtoets en Grafeem-Foneemkoppelingssubtoets (Sondoro et al., 2002). 'n Opsionele subtoets naamlik 'Invented Spelling' is ook by die toets ingesluit ten einde spelprobleme te ondersoek Robertson & Salter (1997).</p>	<p>5 jaar 0 tot 9 jaar 11 maande</p>	<p>Omtrent 40 minute.</p>	<p>'n Verskeidenheid take wat gekorreleer is met die suksesvolle verwerwing van lees- en spelvaardighede, is by die toetsinstrument ingesluit Robertson & Salter (1997). Die outeurs stel voor dat die toets ook op leerders wat ouer is as 9 jaar 11 maande uitgevoer kan word ten einde behulpsaam te wees in die beplanning van 'n behandelingsprogram vir die spesifieke leerders. Hulle beklemtoon egter dat die normatiewe nie op hierdie toetsresultate toegepas moet word nie. Hulle noem ook dat sekere take nie toepaslik is vir die 5jaar oue leerders nie. Hulle het egter hierdie take duidelik gemerk.</p>
<p>Phonological Assesment Battery (PHAB)</p> <p>deur</p> <p>Frederickson, E., Frith, U. & Reason, R. (1995) Windsor: NFER Nelson</p>	<p>Gebaseer op die "Teoretiese kousale model" van Frith (1995). Die battery bestaan uit vyf subtoetse naamlik 'n Alliterasietoets, Rymtoets, Benoemingspoedtoets, Vlotheidstoets en Spoonerismetoets.</p>			<p>Die inhoud van hierdie toets is sterk teoreties gefundeer (Reid, 1998).</p>
<p>Test of Awareness of Language Segments</p> <p>deur</p> <p>Sawyer (1987)</p> <p>Austin, TX: PRO-ED</p>	<p>Tydens hierdie toets word daar ook van leerders verwag om gekleurde blokkies te gebruik om die verskillende klanke in woorde voor te stel. Hierdie toets begin egter op 'n 4 jaar vlak en progresseer vanaf die segmentering van sinne in woorde na die segmentering van woorde in sillabes en later in foneme (Uhry, 2000). Baie waardevolle inligting kan verkry word wanneer die leerder observeer word.</p>	<p>4 tot 7 jaar</p>	<p>Ongeveer 20 minute.</p>	<p>Hierdie toetsinstrument verskaf afsnytellings vir spesifieke vroeë geletterdheid beginpunte of 'benchmarks' byvoorbeeld die mate van fonologiese bewustheid benodig tydens die prê-primêre vlak (Uhry, 2000).</p>

Toetsinstrument	Beskrywing van die toets	Teiken ouderdom	Tyd om toets af te neem	Ander inligting
<p>Comprehensive Test of Phonological Processes in Reading CTOPP deur Torgesen en Wagner (2000) Austin, TX: PRO-ED</p>	<p>Hierdie toets verskaf verskeie take ten einde leerders se fonologiese prosessering te meet. Fonologiese bewustheid, vinnige benoeming en verbale korttermyngeheue word geëvalueer. Die toets word individueel afgeneem. Individue wat heelwat swakker as hulle portuurgroep presteer word hiermee geïdentifiseer (Sondoro et al., 2002)..</p>	<p>5 jaar tot volwassenes</p>	<p>30 minute</p>	<p>Norme vir die toets is nasionaal in Amerika verkry. Beide ouderdom- en graad gebaseerde standaardtellings is beskikbaar.</p>
<p>Phonological Awareness Literacy Screening PALS deur Invernizzi, Swank, Meier en Juel (1998)</p>	<p>Hierdie is 'n kriterium-gebaseerde meetinstrument wat ontwikkel is ten einde jong kinders se kennis van fundamentele voorlopers tot geletterdheid te evalueer. Die spesifieke areas wat ondersoek word is fonologiese bewustheid (veral rymbewustheid en die identi-fikasie van beginklanke), alfabetherkenning, letter-herkenning, woordkonsepte en woordherkenning in isolasie. PALS is daarop gemik om kinders te identi-fiseer wat probleme met hierdie vaardighede ervaar.</p>	<p>'Kindergarten' en Graad 1 leerders</p>	<p>Ongeveer 30 minute</p>	
<p>Rosner Test of Auditory Analysis Skills deur Rosner en Simon, (1971) Austin, TX: PRO-ED</p>	<p>Hierdie is 'n kort toetsinstrument wat individueel afgeneem word. Tydens hierdie toets word daar gepoog om die vermoë van leerders om woorde te analiseer geëvalueer (Graz, 1998).</p>	<p>Laerskool kinders.</p>	<p>Vanaf 4 jaar tot Graad 3</p>	<p>Word dikwels tydens studies benut om fonologiese bewustheid mee te meet.</p>

<p>Yopp-Singer Test of Phoneme Segmentation</p> <p>deur</p> <p>Yopp, H.K (1995)</p> <p><i>The Reading Teacher</i> Vol 49, September, 1995 P20-29</p>	<p>Hierdie toetsinstrument is kort en word individueel afgeneem. Die toets bestaan uit 'n lys van 22 woorde. Kinders word gevra om hierdie woorde in individuele klanke te segmenteer (Uhry, 2000). Dit is 'n kriteriumgebaseerde toets. Geen norme is vir die toets instrument beskikbaar nie (Sondoro et al., 2002).</p>	<p>Voorskoolse leerders en leerders in Graad 1.</p>		<p>Die suksesvolle gebruik van hierdie instrument om hoë risiko lesers vroegtydig te identifiseer, is reeds deur navorsing gestaaf. Hierdie toets is uitgevoer op voorskoolse leerders en korrelasies tussen leerders se latere leesvermoëns en toetsresultate volgens die Yopp-Singer toets het gewissel tussen .62 en .74 (Uhry, 2000).</p>
--	--	---	--	---

Bogenoemde inligting is vanuit die volgende bronne verkry: Sondoro, Allinder en Ranklin-Erickson (2002); Uhry (2000); Campbell (2000); Bankson (2000); Goldsworthy (1998); Reid (1998); Johns (1999); Graz (1998).

Bylae B

**Toestemming van die PALS-K (Invernizzi et al., 1998)
outeurs om vertaling te doen.**

1. Procedure gevolg tydens die vertaling en aanpassing van Afdeling I (*Fonologiese bewustheidstake: Deel A,B,C en D*)

- Eerstens is die metodiek wat gevolg is tydens die ontwikkeling van die oorspronklike toetsinstrument in die oorspronklike toetshandleiding bestudeer. (Hoofstuk 4)
- Volgens die handleiding moes die geselekteerde toetsitems aan die volgende kriteria voldoen:
 1. die toetsitems moet van gemiddelde moeilikheidsgraad vir Graad R en graad een leerders wees.
 2. die items moet 'n sterk voorspellende verband met leessukses vertoon het tydens navorsing.
 3. die items moet in groepsverband gebruik kan word.
 4. die stimuli moes reeds in vorige navorsing gebruik gewees het om fonologiese bewustheid mee te evalueer.
 5. die prentmateriaal moet maklik herkenbaar wees en ouderdomstoepaslike woordeskat vir die teikenpopulasie verteenwoordig.
 6. die prente moet enkel sillabe woorde voorstel
 7. die woorde moet konkreet wees en prentmatig uitgebeeld kan word.
- Hierdie riglyne is so ver moontlik tydens die vertaling en aanpassing van die items gevolg.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die items nie te alle tye vertaal kon word en terselfdertyd nog hulle linguistiese betekenis kon behou nie. Alternatiewe woorde moes daarom telkens geselekteer word. Sien Figuur 1.
- Elke woord is gemeet aan die kriteria wat hierbo gestel is.
- Aangesien daar nog nie baie navorsing rakende fonologiese bewustheid en Afrikaanse leerders gepubliseer is nie kon items egter moeilik aan hierdie kriteria voldoen. Die navorser het daarom items gesoek en geselekteer uit Aktiwiteitsboeke vir Graad R en Graad 1

leerders, bv Pierewiet se Pretboek (1995), My Slimkat Werkboek (1994) en Ster Stories (1999).

Selekteer alternatiewe woord	
1 Vertaal teikenwoord in Afrikaans	Is die fonologiese struktuur van die vertaalide woord dieselde as die oorspronlike teikenwoord? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Is dit 'n bekende konsep vir Afrikaanse leerders in Graad R en Graad 1? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Kan die woord met sukses piktoriaal voorgestel word? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
2 Selekteer toepaslike rymwoord	Is die fonologiese struktuur van die vertaalide woord dieselde as die oorspronlike teikenwoord? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Is dit 'n bekende konsep vir Afrikaanse leerders in Graad R en Graad 1? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Kan die woord met sukses piktoriaal voorgestel word? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
3 Selekteer toepaslike afleierwoord (1)	Is die fonologiese struktuur van die vertaalide woord dieselde as die oorspronlike teikenwoord? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Is dit 'n bekende konsep vir Afrikaanse leerders in Graad R en Graad 1? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Kan die woord met sukses piktoriaal voorgestel word? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
4 Selekteer toepaslike afleierwoord (2)	Is die fonologiese struktuur van die vertaalide woord dieselde as die oorspronlike teikenwoord? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Is dit 'n bekende konsep vir Afrikaanse leerders in Graad R en Graad 1? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
	Kan die woord met sukses piktoriaal voorgestel word? Ja <input checked="" type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
5 Oorweeg toetsafdeling in geheel	Is die volle spektrum van klanke wat in die oorspronlike toetsinstrument gebruik is, en wat toepaslik is vir Afrikaanse leerders, in die vertaalde weergawe teenwoordig?

Fig 1: Denkpatroon gevolg tydens die vertaling en aanpassing van teikenwoorde.

2. Prosedure gevolg tydens die vertaling en aanpassing van die geletterdheidssiftingstake (Afdeling II, III en IV en V)

Die handleiding is weereens bestudeer. (Meer spesifiek rakende die toetsinstruksies en ontwikkeling van die toets.)

Volgens die handleiding is meeste van die items wat in hierdie afdeling gebruik word min of meer dieselfde en sommige selfs identies aan items wat tydens ander geletterdheidsiftingsinstrumente gebruik word. [bv. Early Reading Screening Inventory (Morris, 1992), Book Buddies Assessment (Johston, Invernizzi & Juel, 1998).] Volgens die outeurs is die siftingsinstrumente reeds op duisende kinders toegepas en ook suksesvol in talle navorsingsprojekte gebruik.

Alfabetkennis: Kleinletter alfabetkennis (Afdeling II)

- “The single best predictor of early reading achievement is accurate, rapid recognition of the letters of the alphabet” (Adams, 1990).
- Tydens hierdie subtoets word daar van die leerder verwag om die name van die Alfabetletters te sê.
- Aangesien dieselfde alfabetsisteem in beide Engels en Afrikaans gebruik word, is die toetsitems in hierdie afdeling nie verander nie.

Klankkennis (Afdeling II)

- “Research suggest that tacit knowledge of letter sounds facilitates early reading aquisition, whereas actually learning to read leads to more explicit levels of awareness” (Stanovich, 1996).

Deel A: Klankherkenning

- Tydens hierdie subtoets word grafeem-foneem koppeling geëvalueer.
- Die klanksisteme van Engels en Afrikaans verskil en daarom is die klanke van Engels met Afrikaanse klanke vervang.
- Hoofletters is (soos in die oorspronklike toets) gebruik.
- Klanke wat nie in die Afrikaanse klanksisteem gebruik word nie is vervang met klanke wat wel gebruik word en toepaslik is vir Graad Een leerders.

Deel B: Spelling (“Inventive spelling”)

- “Application of letter-sound knowledge in inventive spelling tasks is an excellent predictor of word recognition in young children (McBride-Chang, 1998) and among the best predictors of word analysis and word synthesis (Torgeson & Davis, 1996).
- Tydens navorsing is daar van leerders verwag om te probeer om 5 hoë frekwensie KVK woorde te spel. Tydens hierdie navorsing is 5 woorde geïdentifiseer as die beste items om te kan onderskei tussen leerders wat addisionele hulp nodig het al dan nie. Hierdie woorde is as items in die oorspronklike weergawe van die PALS-K toets opgeneem.
- Tydens die vertaling van hierdie subtoets moes daar derhalwe hoë frekwensie KVK woorde geselekteer word wat voorheen reeds in navorsing getoets is.
- Nadat die woorde geselekteer is, is algemene klankvervangings vir elke letter in die woorde geformuleer en op die LEERDER ANTWOORDBLAD in die geskepte blokkies aangeteken.

Woordherkenning in issolasie (Afdeling IV)

- “Word recognition is always a reasonable predictor of later facility with reading comprehension.” (Share & Stanovich, 1995).
- Vir die oorspronklike weergawe van die toets is drie woordlyste ontwikkel, wat geskik is vir leerders in Graad 1. (Begin, middel en einde van Graad Een).

A.

- Tydens die ontwikkeling van PALS-K is **die eerste lys** woorde verkry uit Vlak 1 tot 3 van die mees basiese leesboekies wat gebruik word. Die geselekteerde woorde was ook tipies woorde wat in vlakke 1-9 van die ‘Reading Recovery’ reeks voor gekom het. Die woorde is ook onder die eerste 100 woorde wat in die ‘Word Frequency Book (Carroll, Davies & Richmna, 1944) voorkom.

- Ten einde **Woordlys 1** saam te stel is voorbeelde van basiese leesboekies en 'n hoë frekwensie woordelys van Afrikaanse woorde versamel en woorde is hieruit geselekteer.
- Bronne:
 1. Lekkerlees: Aanvangsreeks Leesboek 1: Lin se Vis (Mart Meij, 1992). Daar is twee boeke in die reeks vir Graad 1 leerders.
 2. Pierewietreeks: Substandaard A/Graad 1: Ons familie; Die stoute tweeling; Die kat; Die kinders speel; (Ferreira, J.H; Loots, A.M.; Neethling, J.S.; Rutherford, R.M.; Schoeman, L.O.; Slabber, J.M.; Visser, H., 1995). Daar is agt boekies in hierdie reeks vir Graad 1 leerders.
 3. Sterstories: Stoffel en maraai (Hanekom & Jones, 1996).
 4. Hoë frekwensie woordelys uit Grove & Hauptfleisch (1992).
- Woorde wat bestaan uit enkelklanke (KVK) (wat volgens die kurrikulum eerste aangeleer word) is geselekteer. Die frekwensie van voorkoms van die woord in die verskillende leesboekies en in die hoë frekwensie woordelys is as riglyn gebruik vir die selektering van woorde.
- 20 woorde is geselekteer en van maklik na moeilik gerangskik na aanleiding van die fonologiese eienskappe van die woorde.

B.

- Ten einde die tweede lys woorde (PALS-K) saam te stel is voorbeelde van woorde Vlak 4 van basiese leesboekies gebruik. Die geselekteerde woorde was ook tipies woorde wat in vlakke 9 tot 12 van die 'Reading Recovery' reeks voor gekom het. Die woorde is ook onder die eerste 200 woorde wat die mees algemeenste in Engels voorkom.
- Ten einde **Woordlys 2** saam te stel is voorbeelde van basiese leesboekies en 'n hoë frekwensie woordelys van Afrikaanse woorde versamel en woorde is hieruit geselekteer.

- Bronne:
 1. Lekkerlees: Aanvangsreeks Leesboek 2: Maat vir Jan (Mart Meij, 1992). Daar is twee boeke in die reeks vir Graad 1 leerders.
 2. Pierewietreeks: Substandaard A/Graad 1: By die huis; In die tuin. (Ferreira, J.H; Loots, A.M.; Neethling, J.S.; Rutherford, R.M.; Schoeman, L.O.; Slabber, J.M.; Visser, H., 1995). Daar is agt boekies in hierdie reeks vir Graad 1 leerders.
 3. Hoë frekwensie woordelys uit Grove & Hauptfleisch (1992).

- Woorde wat bestaan uit dubbelklanke is geselekteer. Die frekwensie van voorkoms van die woord in die verskillende leesboekies en in die hoë frekwensie woordelys is as riglyn gebruik vir die selektering van woorde.

- 20 woorde is geselekteer en van maklik na moeilik gerangskik na aanleiding van die fonologiese eienskappe van die woorde.

C.

- Die derde lys woorde (PALS-K) is saamgestel uit woorde wat tipies in Vlak 5 basiese leesboekies voorkom. Die geselekteerde woorde was ook tipies woorde wat in vlakke 13 tot 16 van die 'Reading Recovery' reeks voor gekom het. Die woorde is ook onder die eerste 500 woorde wat die algemeenste in Engels voorkom.

- Ten einde **Woordlys 3 (SFBG)** saam te stel is voorbeelde van basiese leesboekies en 'n hoë frekwensie woordelys van Afrikaanse woorde versamel en woorde is hieruit geselekteer.

- Bronne:
 4. Lekkerlees: Aanvangsreeks Leesboek 2: Maat vir Jan (Mart Meij, 1992). Daar is twee boeke in die reeks vir Graad 1 leerders.
 5. Pierewietreeks: Substandaard A/Graad 1: Pierewiet-Pierewiet; Hier is ons weer.(Ferreira, J.H; Loots, A.M.; Neethling, J.S.; Rutherford, R.M.; Schoeman, L.O.;

Slabber, J.M.; Visser, H., 1995). Daar is agt boekies in hierdie reeks vir Graad 1 leerders.

6. Hoë frekwensie woordelys uit Grove & Hauptfleisch (1992).

- Woorde wat konsonatklusters bevat is geselekteer. Die frekwensie van voorkoms van die woord in die verskillende leesboekies en in die hoë frekwensie woordelys is as riglyn gebruik vir die selektering van woorde.
- 20 woorde is geselekteer en van maklik na moeilik gerangskik na aanleiding van die fonologiese eienskappe van die woorde.

Konsep van 'n woord (Afdeling V)

- Konsep van 'n woord verwys na die aanvangsleser se vermoë om gesproke woorde by geskrewe woorde te pas. "Research has shown that a stable concept of word in text can facilitate a child's awareness of the individual sounds within words. Until a child can point to individual words accurately within a line of text, he or she will be unable to learn new words while reading or to attend effectively to letter sound cues at the beginning of words in running text (Morris, 1993). The ability to fully segment all the phonemes within words appears to follow concept of word attainment (Morris, 1993).
- 'n Standaard rympie is tydens die PALS-K toets gebruik om 'fingerpointing' mee te evalueer.
- Die rympie wat die oorspronke outeurs gebruik het, het die volgende eienskappe:
 - i. Kan prentmatig uitgebeeld word.
 - ii. Bestaan uit vier versreëls.
 - iii. Het 'n 'a,b'c'b' rympatroon.
 - iv. Die woorde in die gediggie is deurgaans eenlettergereg.
- 'n Rympie met soortgelyke eienskappe is vir die SFBG gesoek.

- Die rympie “My Kat” van Tienie Holloway het aan die bogenoemde vereistes voldoen en is derhalwe geselekteer vir die subtoets. Die rympatroon van die gediggies verskil egter van die oorspronklike toets aangesien die patroon ‘a,a,a,a’ is in plaas van ‘a,b,c,b’. Die uitvoering van die subtoets behoort egter nie hierdeur beïnvloed te word nie.

BYLAE D:

OPSOMMING VAN VOORSTELLE GEMAAK DEUR TAALKUNDIGE EN KENNER OP DIE GEBIED VAN FONOLOGIESE BEWUSTHEID

Subtoets	Item nr	Beskrywing	Voorstel gemaak
Afdeling I Deel A	Voorbeeld 1 (Instruksies)	sak nege tak koek	Vervang 'nege' met 'n enkelsillabe telwoord soos 'vyf'.
	Voorbeeld 3 (Instruksies)		Vervang "Ons gaan nog prentjies soek wat rym." met "Kom ons oefen nog een keer. "
	Instruksies	Items 1 tot 10	Verander instruksies as volg: "Trek 'n kringetjie om die prentjie wat met man rym, wat amper soos man klink." na "Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met man, wat amper klink soos man."
	Item 7	boog oog perd saag	'saag' is te naby aan 'boog' en 'oog'. <ul style="list-style-type: none"> • 'horse' & 'saw' het dieslfde vokaal. • Gebruik liever 'kers' aangesien 'perd' en 'kers' dieselde vokaal het.
	Item 8	mot net wiel pot	Hou liefds die posisie van die rymwoorde dieselfde. Ruil 'wiel' en 'pot' om.

Afdeling I Deel B	Voorbeeld 1 (Instruksies)	“Ons gaan luister vir die <i>klankie,,,,,,,,,,,,,</i> ”	Vermy onnodige verkleinwoorde. Verander ‘klankie’ na ‘klank’.
	Item 5	hoed mop muis klok	Vermy konsonantkombinasies in aanvangsposisie. Verander ‘klok’ na ‘koek’.
	Item 7	pen blaar mat pot	Vermy konsonantkombinasies in aanvangsposisie. Verander ‘blaar’ na ‘been’.
			Vermy konsonantkombinasies in aanvangsposisie. Verander ‘skaap’ na ‘saag’, ‘skoen’ na ‘seep’ en ‘vlieër’ na ‘kas’.
Afdeling I Deel D	Voorbeeld 1 (Instruksies)	pet nege vier kaas	Verander ‘nege’ na ‘naald’.
Afdeling II		Letters z, x, c, q ingesluit	Die vraag word gestel of hierdie letters, wat nie in Afrikaans gebruik word nie, toepaslik is.
Afdeling III Deel B Spelling			Die volgende voorstel word gemaak. “Ek dink dit kan sinvol wees om net hierdie deel as ‘n ‘loodstudie te doen om die ‘normale’ aanvang-speller se resonse te kry.

Let wel: Die toetsinstrument is ook deur die taalkundige in die geheel taalkundig versorg.

Instruksies vir die afneem van die toets

Afdeling I Deel A: Rymbewustheid (Hierdie taak kan met 'n groep van 4 leerders gelyktydig afgehandel word.)

1. Materiaal benodig:

- Leerder toetsboek (prentboek) (4)
- Potlode vir die leerders
- Leerder antwoordblad (4)

2. Instruksies:

- Berei die leerders vir die eerste oefen item voor.

"Ons gaan prentjies soek wat rym. Julle gaan die prentjies soek wat baie dieselfde klink. Julle gaan kringetjies trek om die prentjies wat rym. Sit julle vingers op die prentjie van die sak. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister....."

sak vyf tak koek

Kom ons soek die prentjie wat met sak rym:

Sak-vyf sak-tak sak-koek.

Sak rym met tak. Trek 'n kringetjie om die prentjie van die tak."

- Berei die leerders vir die volgende oefen item voor.

"Ons gaan nog prentjies soek wat rym. Julle gaan die prentjies soek wat baie dieselfde klink. Julle gaan kringetjies trek om die prentjies wat rym. Sit julle vingers op die prentjie van die mes. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister....."

mes nes vis kam

Kom ons soek die prentjie wat met mes rym:

Mes-nes mes-vis mes-kam

Nes rym met mes. Trek 'n kringetjie om die prentjie van die nes."

- Berei die leerders vir die laaste oefen item voor.

"Kom ons oefen nog een keer. Julle gaan die prentjies soek wat baie dieselfde klink. Julle gaan kringetjies trek om die prentjies wat rym. Sit jou vinger op die prentjie van die peer. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister....."

peer tier wiel veer

Kom ons soek die prentjie wat met rym met peer:

<i>Peer-tier</i>	<i>peer-wiel</i>	<i>peer-veer</i>
<i>Veer rym met peer. Trek 'n kringetjie om die prentjie van die veer.</i>		
<ul style="list-style-type: none"> Kontroleer die oefenitems. As die leerders die regte prentjies omkring het, sê.... <p><i>"Ja, sak en tak rym; mes en nes rym; en peer en veer rym."</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Indien die leerders die verkeerde prentjies gemerk het, moet hulle gewys word hoe om die regte prentjie te omkring terwyl die rymwoorde herhaal word. <p><i>"Sak en tak rym, mes en nes rym en peer en veer rym."</i></p>		
<ul style="list-style-type: none"> Berei nou die leerders vir die eerste siftingsitem voor: <p><i>1. "Nou gaan ons nog prentjies soek wat rym. Sit julle vingers op die prentjie van die man. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister....."</i></p> <p><i>man vyf bed pan</i></p> <p><i>Kom ons soek die prentjie wat rym met man, wat amper klink soos man:</i></p> <p><i>Man-vyf man-bed man-pan</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met man, wat amper klink soos man"</i></p>		
<ul style="list-style-type: none"> Berei die leerders vir die volgende item voor: <p><i>2. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die muur. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister....."</i></p> <p><i>muur vuur boom koei</i></p> <p><i>Kom ons soek die prentjie wat rym met muur, wat amper klink soos muur:</i></p> <p><i>Muur-vuur muur-boom muur-koei</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met muur, wat amper klink soos muur."</i></p>		
<ul style="list-style-type: none"> Berei die leerders vir die volgende item voor: <p><i>3. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die rok. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister....."</i></p> <p><i>rok eend hand bok</i></p> <p><i>Kom ons soek die prentjie wat rym met rok, wat amper klink soos rok:</i></p> <p><i>Rok-eend rok-hand rok-bok</i></p>		

<p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met rok, wat amper klink soos rok"</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Berei die leeders vir die volgende item voor: <p><i>4. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die bus. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister.....</i></p> <p><i>bus hoed mus kat</i></p> <p><i>Kom ons soek die prentjie rym wat met bus, wat amper klink soos bus:</i></p> <p><i>Bus-hoed bus-mus bus-kat</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met bus, wat amper klink soos bus"</i></p>
<ul style="list-style-type: none"> Berei die leeders vir die volgende item voor: <p><i>5. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die boek. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister.....</i></p> <p><i>boek net koek seun</i></p> <p><i>Kom ons soek die prentjie wat rym met boek, wat amper klink soos boek:</i></p> <p><i>Boek-net boek-koek boek-seun</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met boek, wat amper klink soos boek"</i></p>
<ul style="list-style-type: none"> Berei die leeders vir die volgende item voor: <p><i>6. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die kas. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister.....</i></p> <p><i>kas tent kous das</i></p> <p><i>Kom ons soek die prentjie wat rym met kas, wat amper klink soos kas:</i></p> <p><i>Kas-tent kas-kous kas-das</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met kas, wat amper klink soos kas"</i></p>
<ul style="list-style-type: none"> Berei die leeders vir die volgende item voor: <p><i>7. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die boot. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister.....</i></p> <p><i>boot noot perd kers</i></p>

Kom ons soek die prentjie wat rym met boog, wat amper klink soos boog:

Boot-noot boot-perd boot-kers

Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met boog, wat amper klink soos boot"

- Berei die leerders vir die volgende item voor:

8. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die mot. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister.....

mot net pot wiel

Kom ons soek die prentjie wat rym met mot, wat amper klink soos mot:

Mot-net mot-pot mot-wiel

Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met mot, wat amper klink soos mot"

- Berei die leerders vir die volgende item voor:

9. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vinger op die prentjie van die huis. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister.....

huis muis fiets bal

Kom ons soek die prentjie wat rym met huis, wat amper klink soos huis:

Huis-muis huis-fiets huis-bal

Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met huis, wat amper klink soos huis"

- Berei die leerders vir die volgende item voor:

10. Is julle reg vir die volgende een? Sit julle vingers op die prentjie van die mier. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Luister.....

mier sak boot tier

Kom ons soek die prentjie wat rym met mier, wat amper klink soos mier:

Mier-sak mier-boot mier-tier

Trek 'n kringetjie om die prentjie wat rym met mier, wat amper klink soos mier"

Laat die leerders stop wanneer hulle die stopteken sien en neem die toetsboekies in. Sien die leerders se toetsboeke na deur 'n kringetjie te trek om die woord op die LEERDER ANTWOORDBLAD wat hy/sy omkring het in die toetsboek.

Afdeling I Deel B: Beginklankbewustheid

(Hierdie taak kan met 'n groep van 4 leerders gelyktydig afgehandel word.)

1. Materiaal benodig:

- Leerder toetsboeke (Prenteboek)
- Potlode vir die leerder
- Leerder antwoordblad (4)

2. Instruksies

Laat die leerder hulle toetsboeke oopmaak by oefenitems vir die Beginklankbewustheid afdeling. Sê aan die leerder/s...

"Ons gaan luister vir die klank wat aan die begin van woorde is. Ons gaan luister hoe woorde begin. Sit julle vinger op die prentjie van die melk. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.

Melk maan toon seep

Een van die prentjies begin met dieselfde klankie as wat jy hoor aan die begin van mmmelk. Kom ons soek die prentjie wat begin met 'n /m/. Luister....

Mmmelk-mmmaan mmmelk-toon mmmelk-sssseep

Melk en maan begin met 'n /m/. Trek 'n kringetjie om die prentjie van die maan, want hy begin met dieselfde klankie as melk. Ons hoor nie die /m/ aan die begin van toon nie. Ons hoor nie die /m/ aan die begin van seep nie. Net mmmelk en mmmaan begin met dieselfde klank, /mm/"

- Wys na elke prentjie as jy sy naam sê.
- Beklemtoon die beginklank van elke woord.
- Herhaal die woordpare indien nodig.

Berei die leerders vir die volgende oefen item voor.

"Sit julle vingers op die prentjie van die vis. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.

vis mop klok vuur

Een van die prentjies begin met dieselfde klankie as wat jy hoor aan die begin van vvvvis. Kom ons soek die prentjie wat begin met 'n /v/. Luister....

Vvvvis-mop vvvvis-klok vvvvis-vvuur

vis en vuur begin met 'n /v/. Trek 'n kringetjie om die prentjie van die vuur want hy begin met dieselfde klankie as vis. Ons hoor nie die /v/ aan die begin van bak nie. Ons hoor nie die /v/ aan die begin van mop nie. Net vvvvis en vvuur begin met dieselfde klank, /vv/"

Berei die leerders vir die laaste oefenitem voor.

"Sit julle vingers op die prentjie van die top. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.

top vlag twee web

Een van die prentjies begin met dieselfde klank as wat julle hoor aan die begin van top. Kom ons soek die prentjie wat begin met 'n /t/ . Luister....

Top-vlag top- twee top-web

top en twee begin met 'n /t/. Trek 'n kringetjie om die prentjie van die twee want hy begin met dieselfde klankie as top. Ons hoor nie die /t/ aan die begin van vlag nie. Ons hoor nie die /t/ aan die begin van web nie. Net top en twee begin met dieselfde klank, /t/"

Berei die leerders vir die eerste siftingsitem voor.

1. "Sit julle vingers op die prentjie van die boot. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.

boot boek lip ring

Een van die prentjies begin met 'n /b/ klankie, net soos die /b/ klank wat jy hooraan die begin van boot. Luister....

Bboot-boek bboot-lip bboot-ring

Trek 'n kringetjie om die prentjie wat begin met 'n /b/.

Berei die leerder/s vir die volgende item voor:

2. "Sit julle vingers op die prentjie van die reën. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.

Reën bus voet rok

Een van die prentjies begin met 'n /r/ klankie, net soos die /r/ klank wat jy hooraan die begin van reën. Luister....

Rreën-bus reën-voet reën-rok

Trek 'n kringetjie om die prentjie wat begin met 'n /r/ .

Berei die leerder/s vir die volgende item voor:

3. "Sit julle vingers op die prentjie van die net. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.

Net deur neus kar

<p><i>Een van die prentjies begin met 'n /p/ klankie, net soos die /p/ klank wat jy hoor aan die begin van pen. Luister....</i></p> <p><i>Ppen-been ppen-mat ppen-pot</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat begin met 'n /p/ .</i></p>
<p>Berei die leerder/s vir die volgende item voor:</p> <p>8. <i>"Sit julle vingers op die prentjie van die skaap. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.</i></p> <p><i>Saag seep kas bed</i></p> <p><i>Een van die prentjies begin met 'n /s/ klankie, net soos die /s/ klank wat jy hoor aan die begin van saag. Luister....</i></p> <p><i>Saag-seep saag-kas saag-bed</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat begin met 'n /s/ .</i></p>
<p>Berei die leerder/s vir die volgende item voor:</p> <p>9. <i>"Sit julle vingers op die prentjie van die wolk. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.</i></p> <p><i>Wolk by neus wiel</i></p> <p><i>Een van die prentjies begin met 'n /w/ klankie, net soos die /w/ klank wat jy hoor aan die begin van wolk . Luister....</i></p> <p><i>Wwolk-by wwolk-neus wwolk-wiel</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat begin met 'n /w/.</i></p>
<p>Berei die leerder/s vir die volgende item voor:</p> <p>10. <i>"Sit julle vingers op die prentjie van die mat. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê.</i></p> <p><i>Mat wol muis koei</i></p> <p><i>Een van die prentjies begin met 'n /m/ klankie, net soos die /m/ klank wat jy hoor aan die begin van mat. Luister....</i></p> <p><i>Mmat-gom mmat-muis mmat-koei</i></p> <p><i>Trek 'n kringetjie om die prentjie wat begin met 'n /m/.</i></p>

Laat die leerders stop wanneer hulle die stopteken sien en neem die toetsboekies in. Sien die leerders se toetsboeke na deur 'n kringetjie te trek om die woord op die LEERDER ANTWOORDBLAD wat hy/sy omkring het in die toetsboek.

Afdeling I Deel C: Rymbewustheid

(Hierdie toets moet individueel afgeneem word.)

Soek rympare

1. **Materiaal benodig:**
 - Stimulus kaartjies (Soek rympare)
 - Leerder antwoordblad

LET WEL: Hierdie taak word bepunt terwyl die leerder deur die pakkie kaarte werk. Omkring telkens die woord/kaartjie wat die leerder selekteer op sy LEERDER ANTWOORDBLAD.

2. Instruksies:

Sit die oefenkaartjies in die volgende volgorde neer:

net pet man

"Nou gaan ons met prentkaarte speel. Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel nou die prentjies op wat rym."

- As die leerder die korrekte prentjies op tel, beloon hom deur te sê.....

"Ja! net en pet rym! Kom ons probeer nog een."

- As die leerder die verkeerde prentjies op tel moet die kaartjies terug geplaas word en die prosedure moet gemodelleer word deur te sê....

"net, pet, man. Ek gaan die prentjies optel wat rym."

Tel net en pet op en sê,

"net en pet rym, net en pet klink baie eenders. Kom ons probeer nog een."

Sit die volgende oefenkaartjies in volgorde neer:

boom pen hen

"Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."

- As die leerder die korrekte prentjies op tel, beloon hom deur te sê.....

"Ja! pen en hen rym! Kom ons probeer nog een."

- As die leerder die verkeerde prentjies optel moet die kaartjies terug geplaas word en die prosedure moet gemodelleer word deur te sê....

"Pen en hen rym, pen en hen klink baie eenders."

Berei die leerder vir die eerste siftingsitem voor. Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Swem	mop	top
<p>1. "Nou gaan jy nog prentjies optel wat rym. Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD. 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Kam	huis	lam
<p>2. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Skaap	aap	kar
<p>3. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Hark	slang	vark
<p>4. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Put	blok	klok
<p>5. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		

Kar	boks	nar
<p>6. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Tas	vul	bul
<p>7. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Haan	maan	vlag
<p>8. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Pou	tou	pad
<p>9. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		
Sit die kaartjies in volgorde neer.		
Vis	som	blom
<p>10. "Reg vir die volgende een? Twee van die prentjies rym. Raak aan elke prentjie as ek sy naam sê. Tel die prentjies op wat rym."</p> <ul style="list-style-type: none"> Trek 'n kringetjie om die woord wat geselekteer is op die LEERDER ANTWOORDBLAD 		

Afdeling I Deel D: Beginklankbewustheid (Beginklank Sortering)

(Hierdie toets moet individueel afgeneem word.)

1. Materiaal benodig:

- Stimulus kaartjies (Beginklanksortering)
- Leerder antwoordblad

LET WEL: Hierdie taak word bepunt terwyl die leerder deur die pakkie kaarte werk.

2. Instruksies

- Sit die OPSKRIF KAARTJIES met pot, net, vis and kat (kaartjies 1-4) neer.

Pot	net	vis	kat
-----	-----	-----	-----

"Nou gaan ons luister vir die beginklank van elke prentjie. Hier is 'n prentjie van 'n pot. Aan die begin van pot hoor ek die /p/ klank (pppot). Hier is die prentjie van 'n net. Aan die begin van net hoor ek die /n/ klank (nnnet). Hier is die prentjie van 'n vis. Aan die begin van vis hoor ek 'n /v/ klank (vvvis). Hier is die prentjie van 'n kat. Aan die begin van kat hoor ek 'n /k/ klank (kkkatt)."

- Kry nou die OEFENKAARTJIES 5-8 gereed (pet naald vier kaas) en sê....

"Hier is nog prentjies. Ek gaan elke prentjie se naam sê en dan elke prentjie onder die prentjie sit wat dieselfde klankie aan die begin het."

- Wys die leerder hoe om te sorteer deur die volgende stappe te demonstree:

1. Benoem elke prentjie. Beklemtoon telkens die beginklank.
2. Plaas die prentjie onder die korrekte OPSKRIF KAARTJIE.
3. Beklemtoon dat die prentjies onder elke OPSKRIF KAARTJIE met dieselfde klank begin deur te sê:

"pet en pot begin altwee met die klank /p/."

- Herhaal hierdie prosedure vir al die OEFENKAARTJIES.

Verwyder nou die OEFENKAARTJIES 5-8 (pet nege vier kaas). Skommel die kaartjies en sê....

"Nou wil ek hê jy moet die kaartjies sorteer. Ek gaan vir jou die kaartjies een vir een aangee en vir jou sê wat op die prentjie is. Sê die naam van die prentjie en sit hom onder die prentjie wat dieselfde klank aan die begin het."

- Voordat daar na 'n volgende kaartjie oorgegaan kan word moet die vorige kaartjie verwyder word. (Laat die OPSKRIF kaartjie op dieselfde plek.)
- Moenie enige addisionele hulp/leidrade, behalwe die naam van die prentjie, lewer nie.
- Dring daarop aan dat die leerder die naam van die prentjie moet herhaal.

